

15 September

Skrifgedeelte: Matteus 16:13-20
Fokusgedeelte: Matteus 16:16, 17

Wie is Jesus vir jou?

Dit is vir ons daaglikse geloof van kardinale belang dat ons weet wie Jesus is. Feitlik alle mense het een of ander siening oor Jesus en wie Hy is. Vir baie is Hy 'n besondere mens met groot wysheid en 'n besondere persoonlikheid wat skares mense kon aanlok na Hom toe. Vir ander is Hy een van talle verlossers deur wie mense vandag by God kan uitkom. Baie mense het destyds gedink Jesus was 'n profeet of een van die groot profete wat uit die dood teruggekom het.

Saam met die apostel Petrus roep ons op grond van die Here se Woord vandag weer uit (vs 16): "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Hy is die Christus, die langverwagte Messias. *Christus* beteken "gesalfde". Toe Hy in die Jordaanrivier gedoop is, is Hy gesalf met die Heilige Gees wat in die gedaante van 'n duif op Hom neergedaal het. By daardie gebeurtenis was daar ook 'n stem uit die hemel wat gesê het (Matt 3:17): "Dit is my geliefde Seun."

Jesus is die Seun van die lewende God. God self het dit oor Hom getuig. As Seun is daar niemand wat die Vader ken soos Hy nie. Jesus het self gesê (Matt 11:27): "... en ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekendmaak." As jy vandag, wanneer jy hierdie dagstukkies lees, oor Jesus sê: "U is die Christus, die Seun van die lewende God" – wees dan vol van blydschap en vreugde. Dit is God wat deur sy Heilige Gees hierdie wonderlike belydenis oor sy Seun in jou hart ingeskryf het. Loof en dank Hom vandag opnuut daarvoor!

Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2

Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)